Voorskrif
op
Voorskrif

# *Romeine*

## DEEL 1

## BEVRY VAN DIE STRAF VAN SONDE

(Hoofstuk 1–5)

# ROMEINE DEEL 1
# BEVRY VAN DIE STRAF VAN SONDE
VOORSKRIF OP VOORSKRIF

A translation of the book:
ROMANS PART 1
FREED FROM SIN'S PENALTY
PRECEPT UPON PRECEPT
Published by Precept Ministries International
© 1986, 1995, 2003, 2008 Precept Ministries International
4th Edition

© 2009 Precept Ministries SA. Alle regte voorbehou. Hierdie materiaal word gepubliseer deur, en is die alleenbesit van Precept Ministries of Reach Out, Inc. of Chattanooga, Tennessee. Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.

Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

4de Uitgawe (200)
Gedruk in Suid-Afrika
Desember 2009

Gedruk deur:
**Precept Ministries (SA)**
**Posbus 539**
**HOWARD PLACE**
**7450**
**SUID-AFRIKA**
**www.precept.org.za**
**Tel./Faks +27 (0)21 531 1836**

# INHOUD

| BLADSY | LESSE |
|---|---|
| 1 | LES EEN: **Oorsig** |
| 9 | LES TWEE: **Oorsig** |
| 15 | LES DRIE: **Waarnemingswerkblad van Romeine 1** |
| 19 | LES VIER: **Grondbeginsels van die Evangelie** |
| 31 | LES VYF: **Die Regverdiges en Onregverdiges** |
| 35 | LES SES: **Redding en die Heidene** |
| 43 | LES SEWE: **Waarnemingswerkblad van Romeine 2** |
| 47 | LES AGT: **Kruisverwysings van Romeine 2** |
| 51 | LES NEGE: **Waarnemingswerkblaaie van Romeine 3 / Die Wet** |
| 55 | LES TIEN: **Leringe oor Redding** |
| 61 | LES ELF: **Waarnemingswerkblaaie van Romeine 4** |
| 63 | LES TWAALF: **Kruisverwysings van Romeine 4** |
| 69 | LES DERTIEN: **Waarnemingswerkblaaie van Romeine 5** |
| 73 | LES VEERTIEN: **Studie van Romeine 5:1-11** |
| | BYLAE |
| 79 | **Waarnemingswerkblaaie** |
| 131 | **Romeine Oorsigwerkblad** |
| 133 | **Omtrent Precept Ministries** |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY
**How to Study Your Bible**
*Eugene, Oregon, Harvest House Publishers, 1994*

**Woordstudiehulpmiddels**

### Kommentare oor Romeine

## AANBEVOLE KOMMENTARE

MACARTHUR, JOHN
**The MacArthur New Testament Commentary (2 Volumes)**
*Chicago, Illinois, Moody Press, 1991*

LLOYD JONES, D.M.
**Romans (6 Volumes)**
*Grand Rapids, Michigan, Zondervan Publishing House, 1971-1976*

GAEBELEIN, FRANK., RED.
**The Expositor's Bible Commentary**
*Grand Rapids, MI, Zondervan Publishing House, 1996*

THOMAS, W.H. GRIFFITH
**St Paul's Epistle to the Romans**
*Grand Rapids, Michigan: W/m. B. Eerdmans, 1974*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

**Logos Bybelsagteware**
Kragtige soekenjins met tot 4,000 elektroniese studiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse ensiklopedieë, ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding – ideaal vir woord- en tematiese studies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse teks. Beskikbaar by www.logos.com.

*Precept Ministries SA*
*Posbus 539*
*Howard Place, 7450, Suid-Afrika*



## LES EEN
## Oorsig

DIE LES SLUIT IN

Waarnemingswerkblaaie van Romeine, agter in Bylae
Oorsigwerkblad van Romeine

**'n Wonderlike ondervinding lê vir jou voor terwyl jy hierdie fundamentele boek bestudeer! Romeine behandel die grondbeginsels van jou geloof! As jy Romeine verstaan, verstaan jy die evangelie van Christus. Die ganse Nuwe Testament berus op die waarhede in Romeine. Wat 'n seën gaan dit wees terwyl jy deur hierdie uiteensetting van ons geloof werk! Dit gaan vir jou opwindend wees terwyl jy leer van die natuur van die mens, sy verdorwenheid, die sondeval en die Skepper wat sy verlossing bewerk het.**

**Jy gaan vir die eerste maal, of moontlik met hernude vreugde, die betekenis van versoening, verlossing, heiligmaking en regverdigmaking verstaan! Dit sal jou met nederigheid vul wanneer die grootsheid van God se verlossingswerk aan jou geopenbaar word. Jou lewe sal nooit weer dieselfde wees nadat jy die boek Romeine bestudeer het nie! Pak die studie met ywer aan en moet vir niks terugdeins nie. Die prys van afskeep is te hoog.**

**Ons bid vir jou dat, terwyl jy met hierdie studie besig is, jy in die waarhede van hierdie boek gevestig en gegrond sal word sodat jy in staat sal wees om aan elkeen wat van jou 'n verduideliking vra oor die hoop wat in jou lewe is, in beskeidenheid en eerbied vir God, en met 'n rein gewete, 'n antwoord te gee.**

## DAG EEN

1. Indien hierdie jou eerste Voorskrif-kursus is, lees die volgende hoofstukke in *How To Study Your Bible*, om jouself van ons benadering te vergewis: "The Joy and Value of Inductive Study," "The Rule of Context - Context Rules," en "Getting the Big Picture."

2. Om die kulturele- en historiese konteks van Romeine te identifiseer, is dit nodig dat ons vasstel gedurende watter tydperk die boek geskryf is, sowel as die historiese agtergrond waarteen dit afspeel. Ons moet dus weet wanneer Romeine geskryf is. As ons weet wanneer dit geskryf is, kan ons vasstel wat die omstandighede in Rome, die wêreld en in die Christendom op daardie tydstip was.

*© 2010 Precept Ministries International* 

Daar is verskeie maniere waardeur ons kan vasstel wanneer 'n boek geskryf is. Die beste is om die boek self te gebruik en in die teks op te let na name, plekke en gebeurtenisse. Ons noem hierdie benadering induktiewe studie. Induktiewe studie begin by die boek self, eerder as om te lees wat ander boeke daaroor sê. Die student kan dan, nadat hy/sy self die boek bestudeer het, ander bronne, soos byvoorbeeld kommentare en Bybelwoordeboeke, vir addisionele inligting raadpleeg. Dit is 'n goeie studiegewoonte om altyd by die teks self te begin, aangesien verwysingsbronne oor daardie teks dikwels, wat mening en toepassing betref, van mekaar verskil.

a. Lees Romeine 15:18-28 vir leidrade wat sê wanneer in Paulus se lewe hierdie brief geskryf is.

b. Let op waar hy was, waarheen hy graag wou gaan en waarom.

3. Mense wat in die teks genoem word gee ons dikwels leidrade aangaande waar en wanneer 'n boek geskryf is. Byvoorbeeld, Paulus noem in Romeine 16:1-4 dat Fébé, Priscílla en Áquila sy medewerkers was.

   a. Indien jy die tyd, en toegang tot 'n konkordansie het, slaan hierdie name na en soek na ander Skrifgedeeltes wat hulle met Paulus in verband bring. Skryf neer wat jy oor hulle leer. Indien jy nie 'n konkordansie het nie, gaan voort met "b."

 © 2010 Precept Ministries International

b. Romeine 16:21-23 gee jou leidrade oor wie Paulus se medewerkers was toe hierdie brief geskryf is. Wie was saam met hom?

4. Wanneer ons hierdie leidrade saamvat, kan ons tot dusver die volgende uit Romeine aflei:

   a. Paulus het tot op daardie oomblik nog nooit Rome besoek nie (Romeine 15:23 [Romeine 1:13]).

   b. Paulus het beoog om Rome te besoek na sy besoek aan Jerusalem, waar hy 'n bydrae aan die gemeente sou afgee (Romeine 15:24-26).

   c. Paulus wou graag Rome onderweg na Spanje besoek (Romeine 15:24, 28).

   d. Paulus het die verkondiging van die evangelie in hierdie gebied afgesluit en wou sy evangelisasiewerk na ander gebiede uitbrei (Romeine 15:19, 20 en 23). Dit gee ons 'n aanduiding van wanneer Paulus hierdie brief geskryf het – teen die einde of na aan die einde van sy derde sendingreis.

   e. Paulus het voorheen saam met Priscílla en Áquila gewerk (Romeine 16:3-5 [vergelyk met Handelinge 18:2-3]). Hy noem ook ander helpers, maar ons is die beste bekend met Priscílla en Áquila, oor wie ons in die boek Handelinge lees.

   f. Paulus bly by Gajus. Hy noem ook ander wat saam met hom is (Romeine 16:21-23).

5. Indien jy Handelinge bestudeer het, sal jy 'n beter begrip hê van die tyd en plek waar Romeine geskryf is (Handelinge 19:21 is 'n goeie leidraad); ons gaan egter nie nou daaraan aandag skenk nie. Geleerdes stem saam dat Romeine in Korinthe geskryf is (sien ook Gajus in 1 Korinthiërs 1:14), ongeveer 58 n.C. Paulus het drie maande lank in Korinthe gebly, terwyl hy Griekeland tydens sy derde sendingreis besoek het (Handelinge 20:3).[1]

6. Gedurende hierdie tyd in die kerkgeskiedenis, was daar twee groepe wat die evangelie verdraai het, naamlik die Antinomianiste en Judaïseerders. Kennis van hul dwaalleringe sal ons help verstaan waarom Paulus sekere vraagstukke en leringe aanspreek. Paulus beskryf,

[1] Vir meer inligting indien jy graag Precept Ministries International se "Paul's Epistles Study Tour" wil meemaak, tree gerus met ons in verbinding by www.precept.org.za of +27 21 531 1836.

verdedig en verduidelik die ware evangelie, omdat kennis van die waarheid dwaling aan die kaak stel.

Die Antinomianiste het die Wet (*nomos*) teengestaan (*anti*). Hulle het geleer dat, aangesien die mens deur genade gered word, hy kan leef soos hy wil. Hoe meer die mens sondig, hoe groter is God se demonstrasie van genade deurdat Hy daardie sonde vergewe!

Die Judaïseerders het geleer dat die mens deur genade gered word, maar dat sy redding deur nakoming van die Wet "bewaar" word. Hulle het die besnydenis en die "werke van die Wet" by geloof in Christus gevoeg.

7. Terwyl ons die histories-kulturele agtergrond van die boek Romeine bestudeer, is dit nodig dat ons ook kennis neem van die etniese groepe na wie Paulus verwys. Dit sal ons verder help om te verstaan waarom hy na sekere dinge verwys. Onthou dat die kerk in Rome uit Jode en heidene saamgestel was. Daarom is dit belangrik dat jy die volgende weet:

   a. Die Grieke het die mensdom in twee groepe ingedeel: Grieke en barbare (onbeskaafdes).

   b. Die Romeine het die mensdom in twee groepe ingedeel: burgers en vreemdelinge.

   c. Die Jode het ook die mensdom in twee groepe ingedeel: Jode en heidene.


© 2010 Precept Ministries International

8. Alhoewel Romeine 'n persoonlike brief van Paulus aan 'n groep gelowiges is, is dit duidelik dat slegs die eerste gedeelte van hoofstuk 1 en laaste gedeelte van die brief (Romeine 15:14 tot die einde) soos 'n tipiese brief lyk. Die grootste gedeelte wyk van die normale af. Daarom word Romeine as 'n leerstellige verhandeling beskou. 'n Verhandeling is meer formeel en sistematies as meeste boeke of geskrifte.

9. Kom ons kyk of ons uit Romeine kan vasstel waarom Paulus dié brief geskryf het. Lees Romeine 1:1-17 en Romeine 15:14 – 16:27 en skryf neer wat jy leer.

## DAG TWEE

1. Daar is absoluut geen plaasvervanger vir die lees en herlees van God se Woord nie. Vandag is die probleem egter dat ons ons so vinnig moontlik deur die studie van die Woord haas en dan ure aan die lees van kommentare spandeer om dit wat ons in die Woord gelees het, te verstaan.

   Jy gaan leer om hierdie proses om te keer en sal verbaas wees oor wat God jou alles gaan leer., En wanneer jy jou kommentare lees, wat 'n belangrike plek op die regte tyd het, gaan dit opwindend wees om te ontdek dat God jou dieselfde waarhede as die teoloë gewys het. Jy sal ontdek dat God nie 'n aannemer van die persoon is nie, maar dat Hy sy waarhede deur sy Gees bekendmaak aan hulle wat Hom ywerig soek!

2. Lees Romeine aan die hand van die volgende instruksies om die doel, tema en samestelling van die boek te bepaal.

   a. Kies 'n spesifieke kleur vir elk van die volgende woorde. Merk elke herhaalde sleutelwoord regdeur die hele boek. Gebruik die Waarnemingswerkblaaie in die Bylae, agter in die werkboek.

      1) *regverdig (geregtigheid)*

      2) *geloof (glo)*

      3) *geregverdig*

      4) *Wet (Die Wet, wet)*

*© 2010 Precept Ministries International* 

b. Jy vind die Waarnemings uit Romeine-blad aan die einde van hierdie les. Vul dit so volledig moontlik in terwyl jy die daaglikse opdragte voltooi.

c. Ons gaan ook die tema van elke hoofstuk van Paulus se brief aan die Romeine vasstel. As jy nog nooit 'n Oorsigwerkblad voltooi het nie, lees die gedeelte "Develop an At a Glance Chart" in *How to Study Your Bible,* om jou van die proses te vergewis.

   Sodra jy 'n hoofstuk deurgelees het, skryf die tema van die hoofstuk in op die Romeine Oorsigwerkblad, agter in die Bylae. As dit blyk dat daar twee temas is, skryf albei, so bondig moontlik, in die ruimte in.

3. Vandag is jou opdrag om die Waarnemingswerkblaaie van Romeine 1-5 agter in die Bylae deur te lees. Voer dan die instruksies in nommer 2 hierbo uit.

# DAG DRIE

Lees Romeine 6-8 en volg dieselfde instruksies as in nommer 2 van DAG TWEE.

# DAG VIER

Lees Romeine 9-11 en volg dieselfde instruksies as in nommer 2 van DAG TWEE.

# DAG VYF

1. Lees Romeine 12-16 en volg dieselfde instruksies soos gegee in nommer 2 van DAG TWEE.

2. Wat dink jy is, op hierdie stadium van jou studie, die hooftema van Romeine? Skryf jou antwoord in die ruimte op die Romeine Oorsigwerkblad. Moenie nalaat om al die woorde wat jy gemerk het in ag te neem nie. Ingeval jy nie vertroud is met wat ons met "hooftema" bedoel nie, sal ons dit vir jou definieer. Die "hooftema" is die onderwerp wat die meeste in die boek of die grootste gedeelte van die boek, herhaal word.

*Voel jy al meer vertroud met die boek Romeine? Dis goed so … en jy begin nou eers. Ons wens ons kon die blydskap wat jy gaan ervaar wanneer jy die studie voltooi het, aan jou oordra!*


© 2010 Precept Ministries International

# WAARNEMINGS UIT ROMEINE

Soort literatuur:

Skrywer:

Ontvangers:

Sleutelwoorde en –frases:

Doel van skrywer:

Hooftema:

Geskiedkundige agtergrond:

*© 2010 Precept Ministries International*